**Inhoud**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Algemene inligting | 2 |
| 1.1 | Visie, missie en waardes | 2 |
| 1.2 | Organisatoriese struktuur | 3 |
| 1.3 | Wetgewende mandaat | 4 |
| 1.4 | Voorlegging van die jaarverslag aan die uitvoerende gesag | 4 |
| 1.5 | Voorsitter se voorwoord | 6 |
| 1.6 | Kerndoelwitte | 7 |
| 1.7 | Verklaring van verantwoordelikheid | 7 |
| 1.8 | Basis gebruik vir voorbereiding van finansiële jaarstate | 7 |
| 2. | Inligting oor voorafbepaalde doelwitte | 8 |
| 2.1 | Algehele prestasie | 8 |
| 2.2 | Programprestasie | 12 |
| 2.3 | Ander rapporteerbare aktiwiteite | 14 |
| 3. | Finansiële jaarstate | 17 |
| 3.1 | Verslag van die ouditkomitee | 17 |
| 3.2 | Rekenpligtige gesag se verslag | 20 |
| 3.3 | Verslag van die Ouditeur-generaal | 24 |
| 3.4 | Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 | 27 |
| 3.5 | Staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012 | 28 |
| 3.6 | Staat van finansiële prestasie vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 | 29 |
| 3.7 | Staat van veranderings in netto bates | 30 |
| 3.8 | Kontantvloeistaat | 31 |
| 3.9 | Aantekeninge by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 | 32 |
| 4 | Mensehulpbronbestuur | 45 |
| 4.1 | Vergaderings | 45 |
| 4.2 | Verrigting van werk | 46 |
| 5. | Ander inligting | 47 |
| 5.1 | Akronieme | 47 |
| 5.2 | Lys van kontakbesonderhede | 47 |
| 5.3 | Addisionele inligting | 48 |

# 1. Algemene inligting

## 1.1 Visie, missie en waardes

### Visie

Om doeltreffend by te dra tot die groei en ontwikkeling van 'n dinamiese kulturele omgewing in 'n verenigde Wes-Kaap.

Die visie omvat:

- die identifisering van en hulpverlening aan groepe om artistieke groei te behaal;
- ontwikkeling van nuwe talent, ingeslote inheemse kunsvorms;
- die ondersteuning van opkomende kunsprojekte en jeugontwikkeling; en
- die ondersteuning van opleiding-, onderrig- en gehoorontwikkelingsprojekte.

### Missie

Om kultuur in die Wes-Kaap te bewaar, te bevorder en te ontwikkel deur:

- registrasie en deregistrasie van kultuurrade en finansiële hulpverlening aan geregistreerde kultuurrade;
- beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en onroerende eiendom wat deur die provinsiale Minister onder toesig van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie geplaas is; en
- verrigting van ander take en funksies soos deur die provinsiale Minister opgedra en advisering van die provinsiale Minister oor beleid verwant aan kuns en kultuur.

### Waardes


- Integriteit;
- Aanspreeklikheid;
- Bevoegdheid;
- Responsiwiteit; en
- Sorgsaamheid.

### Beginsels

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se funksies is gegrond op die volgende beginsels:

- 'n Multi-kulturele en ware demokratiese gemeenskap respekteer kulturele diversiteit en skep 'n bemagtigende omgewing vir die doeltreffende bewaring, bevordering en uitbreiding van kultuur.
- Die belangrikheid van 'n ryk kulturele diversiteit in die Wes-Kaap moet op so 'n manier bewaar, ondersteun en bevorder word dat dit tot beter interkulturele begrip aanleiding sal gee en wedersydse vertroue tussen verskeie kultuurgroepe sal skep.

## 1.2 Organisatoriese struktuur



## 1.3 Wetgewende mandaat

Bepalings vir die wetgewende mandaat van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie ("die Kommissie") word in wetgewing en beleide neergelê wat op kultuur in die Wes-Kaap van toepassing is en word deur die Minister verantwoordelik vir kultuursake in die Wes-Kaap, as die uitvoerende gesag, goedgekeur.

Hierby ingesluit is:

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)
- Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998)
- Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998)
- Wet op Kultuursake, 1989 (Wet 65 van 1989)
- Wet op Kultuurbevordering, 1993 (Wet 35 van 1993)
- Regulasie R. 38 (oordrag van die Wet op Kultuursake (Volksraad), 1989, aan die provinsie kragtens artikel 235(8) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993, en uitgevaardig in Staatskoerant no. 16363 gedateer 13 April 1995
- Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998)
- Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)
- Nasionale Tesourieregulasies van 25 Mei 2002
- Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000)
- Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)
- Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

In die uitvoering van sy mandaat het die Kommissie ook kennis geneem van nasionale wetgewende mandate en beleide. Hierby ingesluit is die Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997 (Wet 56 van 1997) en die Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis, 1996.

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verleen gefokusde leiding aan en bevorder die strategiese en billike verspreiding van hulpbronne om die maksimum impak binne gemeenskappe te verseker. Die Kommissie bemagtig landelike gemeenskappe en ondersteun volhoubare kuns-en-kultuuraktiwiteite en -programme.

## 1.4 Voorlegging van jaarverslag aan die uitvoerende gesag

Ooreenkomstig artikel 55 (1)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en artikel 28.2 van die Nasionale Tesourieregulasies lê ek hiermee die jaarverslag oor die aktiwiteite van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie voor tesame met sy geouditeerde finansiële jaarstate vir die 2011/12-boekjaar.

Gedurende die 2011/12-boekjaar het die Kommissie die beginsels soos beskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet 14 van 1998) tot uitvoer gebring deur die aktiwiteite wat in die strategiese plan vir die boekjaar onder oorsig gespesifiseer is. In ooreenstemming met die oogmerk van 'n inklusiewe samelewing het die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) deur sy aktiwiteite kommunikasie en interaksie tussen gemeenskappe aangemoedig op 'n wyse wat inklusiwiteit aanmoedig.

In ooreenstemming met sy mandaat, is die WKKK verantwoordelik vir die bestuur van die sewe kultuurfasiliteite wat deur die Minister onder sy toesig geplaas is en om aanbevelings te maak oor hoe hierdie fasiliteite teen die hoogste moontlike standaarde in stand gehou kan word en tog steeds vir al die gemeenskappe van die Wes-Kaap toeganklik kan wees.

Aangesien die termyn van die huidige Kommissie nou ten einde geloop het, verleen ons erkenning aan die pogings van uittredende lede om hierdie mandaat tot uitvoer te bring.

**Jane Moleleki**
**REKENPLIGTIGE GESAG: WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**
**31 MEI 2012**

## 1.5 Voorsitter se voorwoord

Dit is met genoeë dat ek hierdie terugskouende gedagtes en aantekeninge insluit as deel van die jaarverslag van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie vir die oorsigtydperk. 'n Integrale groeitrajek van enige waarde-gebaseerde samelewing en gemeenskap is gesetel in die manifestering van sy respek, verering en waardigheidsbeskouing vir sy medemens, én in sy erkenning van ons ryk erfenis en kulturele diversiteit. In sy pogings om aan sy mandaat te voldoen, streef die Wes-Kaapse Kultuurkommissie daarna om 'n vrugbare teelaarde daar te stel vir die vervulling van hierdie allerbelangrike faset van ons onderlingverbinde samebestaan. Die uittredende Wes-Kaapse Kultuurkommissie het tydens sy tydperk van ampsbekleding groot vordering gemaak. Die Kommissie se subkomitees (befondsing, kultuurrade en fasiliteite) was konsekwent in hul lewering van insiggewende begeleiding en insig in die uitvoering van hul mandate. Deurlopende betrokkenheid by gemeenskappe het die Kommissie se metodologie vir gemeenskapsbetrokkenheid verfyn.

Die kultuurfasiliteite onder die bestuur van die WKKK word goed in stand gehou en is bykans vol bespreek vir benutting deur skole en kultuurgemeenskappe. Pogings om die fasiliteite aan gemarginaliseerde gemeenskappe bekend te stel, het goeie resultate opgelewer. Die fasiliteite bied uitstekende ontwikkelingsgeleenthede vir ons jong denkleiers vanuit alle gemeenskappe en agtergronde.

Befondsing bly 'n konstante uitdaging. Die befondsing van projekte en programme van kleiner kultuurorganisasies deur wie voortreflike diens verrig word, is steeds 'n vername fokusgebied. 'n Gepaste hoeveelheid tyd is konsekwent toegewys aan aansoeke om befondsing en die monitering van die uitkomste van befondsde programme en projekte.

Die opstel van die Handboek vir Kultuurrade in 'n verstaanbare formaat het geblyk van onskatbare waarde te wees. Ons neem met trots kennis van die Kommissie se suksesrekord in die doeltreffende fasilitering van interaktiewe dialoë met kultuurrade en die registrasie van nuwe rade.

Waar die huidige termyn van die WKKK ten einde loop, was dit 'n voorreg om leierskap aan so 'n toegewyde groep kulturele en gemeenskapsaktiviste te verleen, van wie almal spesialiste in hul vakgebiede is. Ek betuig my opregte dank teenoor al die WKKK-lede vir hulle bereidwilligheid om hul kennis en ruime ervaring te deel.

Waardering en dank aan dr. Ivan Meyer vir sy diepgaande insig en begeleiding en die totale leierskap van die Departement van Kultuursake en Sport wat die ruimte geskep het om as 'n onderling verbinde span in belang van gemeenskappe te werk, welke gemeenskappe in die toegewyde en geesdriftige bevordering van hul kulturele tradisies die onbesonge helde is.

Waardering en dank teenoor alle lede van die WKKK en voorsitters van subkomitees vir hul bereidwilligheid om die kennis en ervaring wat hulle oor 'n leeftyd verwerf het, te deel. Daar bestaan geen twyfel dat die uittredende Kommissie 'n stewige grondslag gelê het waarop die nuwe WKKK kan voortbou.

Baie dankie



**VOORSITTER: WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**
**31 MEI 2012**

## 1.6 Kerndoelwitte

1. a) Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verleen gefokusde leiding aan en bevorder die strategiese en billike verspreiding van hulpbronne om die maksimum impak binne gemeenskappe te verseker. Die Kommissie bemagtig landelike gemeenskappe en ondersteun volhoubare kuns-en-kultuuraktiwiteite en -programme.

   b) As deel van sy transformasiebenadering het die WKKK die volgende kerningrypings geïdentifiseer:

- Om ontwikkelingsgerigte inisiatiewe te ondersteun;
- Om verhoudings met strategiese vennote te ontwikkel;
- Om gemarginaliseerde kunsvorms te ontwikkel;
- Om kulturele interaksie tussen gemeenskappe in die Wes-Kaap aan te moedig;
- Om die betrokkenheid van die jeug by kulturele aktiwiteite aan te moedig;
- Om die benutting van landelike fasiliteite deur die omliggende gemeenskap aan te moedig;
- Om voort te gaan om dienste van gehalte aan belanghebbendes te lewer deur 'n databasis van kultuurpraktisyns, -hulpbronne en -projekte in stand te hou; en
- Om benaderings te identifiseer wat talent binne gemeenskappe sal koester en ontwikkel.

## 1.7 Verklaring van verantwoordelikheid

Die finansiële jaarstate is 'n redelike aanbieding van die stand van sake van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, sy bedrywighede, finansiële resultate, prestasie teen voorafbepaalde doelwitte en sy finansiële posisie soos teen die einde van die boekjaar. Hierdie state word aangebied ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke (AARP). Dit is in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) waarvolgens daar van die rekenpligtige gesag verwag word om volledig en behoorlik rekord te hou van die finansies van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

## 1.8 Basis gebruik vir voorbereiding van finansiële jaarstate

Die basis wat gebruik is om die finansiële jaarstate van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie voor te berei, word in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) uiteengesit en die gepaste en nodige interne kontroles om wesenlike verdraaiings en verliese te bespeur, is in plek om aan die tersaaklike wetgewing te voldoen.

## 2. Inligting oor voorafbepaalde doelwitte

### 2.1 Algehele prestasie

a. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het 'n nuwe weg ingeslaan om die kunste te ontwikkel en uit te bou deur inisiatiewe wat deur navorsing geïnformeer is. Hierdie benadering verseker dat inisiatiewe werk maak van die diverse kuns- en kultuurbehoeftes van die gemeenskappe van die provinsie op 'n wyse wat gepas en tersaaklik is. In hierdie verband het die Wes-Kaapse Kultuurkommissie die Sentraal-Karoo se kunste-inisiatief ondersteun wat aanleiding gegee het tot die identifisering van latente plaaslike talent. Die werk wat in die Sentraal-Karoo gedoen is, het baie belangstelling in kuns en kultuur tot gevolg gehad en het gelei tot 'n gesonde werksverhouding onder gemeenskappe, asook samewerking tussen die korporatiewe sektor en gemeenskapsorganisasies.

b. Die Kommissie streef voortdurend daarna om die hoogste vlak van gehaltedienste te lewer aan diegene wat van die Entiteit se kultuurfasiliteite gebruik maak. Dit word gedoen deur die deurlopende instandhouding van die fasiliteite. Tydens die oorsigtydperk is grootskaalse verbeterings ten opsigte van die fasiliteite aangebring.

c. Diverse groepe het die fasiliteite benut. Dit kan toegeskryf word aan die verbeterde inkomste- en benuttingsbeleid sowel as die opedag by Koekenaap wat die omliggende gemeenskappe in staat gestel het om die fasiliteit te besoek en met amptenare en lede van die Kommissie te skakel. Sedert dié opedag is 'n duidelike toename in benutting by hierdie fasiliteit waargeneem.

### 2.1.1 Begrote fondse

| Hoofbegroting<br>R'000 | Aangesuiwerde Begroting<br>R'000 | Werklike Bedrag Bestee<br>R'000 | Oor/Onderbesteding<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| 6 445 | 417 | 6 854 | 4 |
| **Verantwoordelike Minister/ LUR** | MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT<br>Dr. Ivan Meyer | | |
| **Administrerende departement** | HFB-ONDERSTEUNING | | |
| **Rekenpligtige gesag** | Me. J Moleleki | | |

### 2.1.2 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

| | |
|---|---|
| **Strategiese doelstelling** | Die bevordering, ontwikkeling en bewaring van die kunste en kultuur in die Wes-Kaap ten einde by te dra tot goeie staatsbestuur, maatskaplike en mensekapitaal-ontwikkeling, maatskaplike kohesie en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede. |
| **Doelwitverklaring** | Om die Minister te adviseer oor hoe die mandaat van die Kultuurkommissie ten beste bereik kan word deur die bewaring, bevordering en ontwikkeling van die visuele, uitvoerende en literêre kunste; natuur- en geesteswetenskappe; |

| | |
|---|---|
| | kultuurhistoriese terreine en die kulturele bewusmaking van die jeug om by te dra tot goeie staatsbestuur, maatskaplike en mensekapitaalontwikkeling, maatskaplike kohesie en volhoubare ekonomiese groei en geleenthede. |
| **Regverdiging** | Die WKKK het 'n wetgewende mandaat om te adviseer en pligte uit te voer soos deur die LUR opgedra. |
| **Skakels** | Bevorder landelike ontwikkeling (doelwit van Wes-Kaapse kabinet en prioriteitsgebied van die nasionale regering);<br>Verhoog toegang tot geleenthede vir al die mense van die Wes-Kaap (doelwit van die Wes-Kaapse kabinet/doelwit van nasionale regering se kabinet)<br>Verbeter doeltreffendheid en doelmatigheid ter wille van welstand in die Wes-Kaap (doelwit van die Wes-Kaapse kabinet/doelwit van die nasionale regering se kabinet)<br>Stem mensekapitaalontwikkeling af op, onder andere, maatskaplike ontwikkeling en die mate van maatskaplike kohesie (Suid-Afrikaanse visie 2025, Wes-Kaapse Provinsiale Regering se strategiese plan) en die verbetering van die vaardigheidsbasis en gehalte van onderwys (doelwit en prioriteit van die nasionale regering).<br>Die strategiese plan van die Kommissie stem ooreen met die departementele strategiese plan. |

### 2.1.3 Diensleweringsomgewing in oënskou

Vyf aansoeke om registrasie as kultuurraad is ontvang en alle aansoeke is deur 'n onafhanklike individu geëvalueer. Dit is gedoen om die bestaan en lidmaatskap sowel as die kapasiteit van elke aansoeker te verifieer asook of die aansoeker aan die kriteria van 'n kultuurraad voldoen. Drie van hierdie organisasies is deur die subkomitee vir kultuurrade aanbeveel. Die Griekwa Nasionale Konferensie van SA het hulpverlening met die jaarlikse Ratelgatfees versoek en die Kommissie het die aansoek goedgekeur.

Die hersiening van openbare Entiteite en die moratorium op die registrasie van nuwe kultuurrade het die Kommissie verhoed om die registrasie van die drie aanbevole kultuurrade voor die einde van sy termyn te finaliseer.

### 2.1.4 Oorsig van die organisatoriese omgewing vir 2011/12

Die inwydingsopedag by die Koekenaapfasiliteit het plaaslike gemeenskappe in staat gestel om insette te lewer oor hoe die fasiliteit beter benut kan word. Hierdie geleentheid het ook 'n geleentheid vir netwerkvorming en interaksie tussen organisasies vanuit die area gebied. Dit het ook die geleentheid gebied om plaaslike talent en handwerk ten toon te stel.

Die besluit om brosjures oor die fasiliteite te ontwikkel, het 'n toename in navrae oor die fasiliteite asook 'n meer diverse gebruikersgroep wat verteenwoordigend van alle gemeenskappe in die Wes-Kaap is, tot gevolg gehad.

### 2.1.5 Vername beleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

Daar was geen tersaaklike beleidsontwikkelings of wetgewende veranderings gedurende die oorsigjaar nie.

### 2.1.6 Inkomste, Uitgawes

| Program | Geouditeerde uitkomste | | | Werklike Uitgawes | Mediumtermyn-uitgaweraming | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R duisend | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 |
| 1. Wes-Kaapse Kultuurkommissie | 4147 | 3929 | 3382 | 2261 | 2805 | 2899 | 3078 |
| **Totaal** | **4147** | **3929** | **3382** | **2261** | **2805** | **2899** | **3078** |
| | | | | | | | |

| **Ekonomiese klassifikasie** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Lopende betalings** | **3329** | **3177** | **6836** | **2354** | **2555** | **2708** | **2828** |
| Vergoeding van werknemers | 29 | 261 | 141 | 46 | 137 | 144 | 151 |
| Goedere en dienste | | | | | | | |
| waarvan: | | | | | | | |
| Kommunikasie | 5 | 6 | 12 | 13 | 37 | 39 | 41 |
| Rekenaardienste | | | | | | | |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste | 532 | 776 | 439 | 129 | 111 | 117 | 122 |
| Voorraad | 439 | 500 | 275 | | 806 | 846 | 889 |
| Instandhouding-, herstel- en bedryfskoste | 371 | 399 | 210 | 252 | 450 | 473 | 398 |
| Uitgawes aan eiendom besit en gehuur | | | | | | | |
| Reis en verblyf | 4 | 141 | 134 | 69 | 125 | 131 | 138 |
| Ouditgelde | 219 | 353 | 201 | 250 | 225 | 236 | 248 |
| Advertensies | 178 | 48 | 90 | 1 | | | |
| Reklame | 829 | 3069 | 2079 | 1379 | 664 | 663 | 841 |
| Rente op en verhuring van grond | | | | | | | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Finansiële transaksies in bates en laste | | | | | | | |
| **Oordragte en subsidies aan:** | **0** | **539** | **3255** | **4715** | **250** | **250** | **250** |
| Provinsies en munisipaliteite | | | | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | | | | | | |
| Universiteite en technikons | | | | | | | |
| Openbare korporasies en private ondernemings | | | | | | | |
| Buitelandse regerings | | | | | | | |
| Instansies sonder winsbejag | 0 | 539 | 255 | 465 | 250 | 250 | 250 |
| Huishoudings | | | 3000 | 4250 | | | |
| **Betalings vir kapitaalbates** | | | | | | | |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | | | | | | | |
| Aangeplante bates | | | | | | | |
| Sagteware en ander ontasbare bates | | | | | | | |
| Grond en ondergrondse bates | | | | | | | |
| waarvan: | | | | | | | |
| Gekapitaliseerde kompensasie | | | | | | | |
| **Totaal** | **3329** | **3716** | **6836** | **6854** | **2805** | **2899** | **3078** |

## 2.2 Programprestasie

| Strategiese doelwit | Sleutelprestasie-aanwyser | Teiken | Werklik |
|---|---|---|---|
| Oorweeg die registrasie en deregistrasie van kultuurrade en hulpverlening, ingeslote finansiële hulpverlening vir projekte, navorsing en konferensies van geregistreerde kultuurrade, by die vier subkomiteevergaderings wat vir die jaar geskeduleer is. | Fasiliteer 'n konferensie vir kultuurrade om netwerkvorming te verbeter en om die registrasie van kultuurrade vanuit diverse gemeenskappe aan te moedig. | 1 | 0 |
| | Registreer nuwe kultuurrade om diversiteit onder kultuurgroepe aan te moedig en te verseker. | 2 | 4 |
| Bestuur roerende en onroerende eiendom wat deur die Minister onder toesig van die WKKK geplaas is deur dit by wyse van vier subkomiteevergaderings te fasiliteer. | Implementeer 'n instandhoudingsraamwerk by fasiliteite ten einde die fasiliteite op 'n standaard in stand te hou wat veilig vir gebruikers is. | 1 | 1 |
| | Opgradeer kultuurfasiliteite om hulle volhoubaarheid en veiligheid vir gebruikers te handhaaf. | 3 | 4 |
| | Ontwikkel 'n promosie- en bemarkingstrategie om bewustheid te skep en benutting en toegang onder gemeenskappe te bevorder. | 1 | 1 |
| | Getal vergaderings van advies- en beoordelingskomitee met die oog daarop om toesig oor befondsingsproses te hou. | 3 | 3 |
| | Doen navorsing oor geakkrediteerde kuns-en-kultuur-opleidingsgeleenthede ten einde gemeenskappe aan te moedig om 'n loopbaan in die kunste en as deel van lewenslange leer te volg. | 1 (implementeer) | 1 |
| | Ontwikkel 'n raamwerk om | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | individuele potensiaal te identifiseer en te koester ten uiteinde uitnemendheid in die kunste aan te moedig. | 1 (implementeer) | |
| Ontwikkel, bevorder en bewaar kuns en kultuur in die Wes-Kaap deur die strategiese beplanningsessie en vier vergaderings van die befondsingsubkomitee. | Getal geskeduleerde voltallige en subkomiteevergaderings om die Minister oor kultuurverwante aangeleenthede te adviseer | | |
| | Volle sitting | 4 | 3 |
| | Uitvoerende raad | 2 | 0 |
| | Befondsingsubkomitee | 4 | 3 |
| | Kultuurradesubkomitee | 4 | 3 |
| | Kultuurfasiliteitesubkomitee | 4 | 3 |
| | Strategiese beplanning | 1 | 1 |

**<u>Rede vir groot afwykings</u>**

**Fasiliteer 'n konferensie vir kultuurrade.**

Reëlings vir die kultuurdialoog (soos dit deesdae bekend staan) is getref, maar weens 'n opdrag vanaf die Minister is dit tot verdere kennisgewing uitgestel. Die uitstel is te danke aan die hersiening van openbare Entiteite, welke proses nog nie afgehandel is nie.

**Registreer nuwe kultuurrade.**

Meer aansoeke om registrasie is ontvang as verwag.

**Gradeer kultuurfasiliteite op.**

Een bykomende kultuurfasiliteit is gedurende die oorsigtydperk opgegradeer.

Vier fasiliteite in stede van drie (soos per die jaarlikse prestasieplan) is tydens die boekjaar opgegradeer. Die kultuurfasiliteite wat opgegradeer is, sluit in: Melkboskultuursentrum, Melkbos Oppiesee, Groot Drakenstein en Koekenaap.

**Geskeduleerde adviesvergaderings vir die volle komitee en subkomitees**

Geen vergaderings is gedurende die laaste kwartaal gehou nie aangesien 'n nuwe Kommissie nog nie op daardie tydstip aangestel is nie.

**Befondsingsubkomitee**

Minder vergaderings is gehou aangesien 'n onafhanklike paneel aansoeke saam met die departement eerder as saam met die subkomitee oorweeg het.

## 2.3 Ander rapporteerbare aktiwiteite

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie bestaan uit drie subkomitees wat hulp verleen met die nakoming van sy mandaat. Hierdie subkomitees staan onderskeidelik bekend as die subkomitee vir fasiliteite, befondsing (hernoem as navorsing en ontleding) en kultuurrade. Elke subkomitee het 'n voorsitter deur wie 'n fasiliterende rol vervul word. 'n Subkomitee se uitvoerende gesag word saamgestel uit die voorsitter van daardie subkomitee en die voorsitter en ondervoorsitter van die volle komitee. Die termyn van die vorige Kommissie het op 24 November 2011 verstryk. Geen vergaderings is gedurende die laaste kwartaal van die boekjaar gehou nie aangesien 'n nuwe Kommissie nog nie by afloop van die boekjaar aangestel is nie.

Samestelling van die subkomitees:

| Kultuurradesubkomitee | Fasiliteitesubkomitee | Befondsingsubkomitee |
|---|---|---|
| Mnr. Hendrik van Wyk (voorsitter) | Mnr. Gcobani Tyatya (voorsitter) | Mnr. Lungile Jacobs (voorsitter) |
| Mnr. Patrick Blaauw | Mnr. Taj Akleker | Mnr. Xolani May |
| Mnr. Christo van der Rheede | Mnr. Johannes du Plessis | Me. Thandi Swartbooi |
| Prof. Sandile Gxilishe | | |
| Me. Helen van Coller | | |

Die volgende persone het tydens hulle ampstermyn by die WKKK bedank: Leanne Göhse, Eric Tshandu en Undré Deglon.

***Aanstelling van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie***

Die termyn van die Kommissie het op 24 November 2011 verstryk. 'n Advertering- en kortlys-proses het plaasgevind en is deur die provinsiale staande komitee vir onderwys, kuns en kultuur behartig. Geen aanstellings is teen die einde van die boekjaar bevestig nie.

***Subkomitees***

*<u>Die beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van kultuurfasiliteite</u>*

Verskeie inisiatiewe en beleide is geïmplementeer ten einde toeganklikheid te verbeter en die doeltreffende finansiële bestuur, ontwikkeling en instandhouding van fasiliteite te verseker. Die oogmerk was om konsekwentheid te verseker en om te verseker dat fasiliteite aan die eise van hul gebruikers voldoen.

Gedurende die oorsigjaar is 'n benuttingsbeleid en prosedureriglyn ontwikkel wat verseker het dat voorkeur aan nuwe gebruikers verleen word. Die dokument het aangepaste huur- en benuttingstariewe, 'n nuwe aansoekvorm en 'n beskrywing van die aansoekproses ingesluit.

Sekuriteit bly steeds 'n uitdaging by die fasiliteite en die daarstelling van 'n taakspan bestaande uit lede van buurtwagte, die plaaslike polisie en plaaslike sekuriteitsmaatskappye het heelwat daartoe bygedra om 'n gevoel van sekuriteit by die Melkbosfasiliteite te skep.

'n Nuwe diensverskaffer is aangestel om fasiliteite te verseker. Hierdie aanstelling sal dieselfde vlak van dekking teen 'n verlaagde koste aan die departement bied.

Tariewe vir die fasiliteite is gestandaardiseer met bedrae wat soos volg daaruitsien: R35 per persoon per dag vir oornaggebruikers en R11 per persoon vir daggebruikers.

Die instandhouding- en ontwikkelingsplan is deur die fasiliteitekomitee aanvaar as 'n raamwerk vir die instandhouding en ontwikkeling van kultuurfasiliteite met die oog daarop om doeltreffende beplanning en benutting van hulpbronne te verseker. Dié raamwerk help om die instandhouding sowel as die opgradering van die fasiliteite te beplan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat fasiliteite esteties ten opsigte van sekuriteit, funksionaliteit en toeganklikheid vir gestremdes verbeter is. Alle konstruksiewerk by die fasiliteite is in samewerking met die Departement van Openbare Werke uitgevoer, welke departement, waar nodig, tegniese kundigheid en advies aan die Departement van Kultuursake en Sport verleen.

As deel van die opgradering en instandhouding is die toegangsroetes geteer, die toiletfasiliteite opgradeer en die vernaamste geboue by Groot Drakenstein, Bien Donné-herehuis, Koekenaap, Melkboskultuursentrum en Melkbos Oppiesee is oorgeverf.

'n Opedag by Koekenaap het die benuttingsmoontlikhede van die fasiliteit deur plaaslike gemeenskapsgroepe en skole verhoog. Die bevindinge van 'n vraelys wat onder skole en gemeenskapsorganisasies in die omliggende gebiede versprei is, sal gebruik word as basis vir die toekomstige instandhouding en opgradering van fasiliteite met die oog daarop om te verseker dat gebruikers se behoeftes doeltreffend in ag geneem word.

*Kultuurradesubkomitee*

Die rol van die kultuurradesubkomitee is om kultuurrade te registreer of te deregistreer. Hierdie subkomitee oorweeg aansoeke wat vanaf geregistreerde rade ontvang word vir die befondsing van projekte, navorsing en konferensies. Gedurende die 2011/12-boekjaar, het die subkomitee na behore gefunksioneer.

Ongeveer 15 nuwe aansoeke is vanuit kultuurorganisasies ontvang. Slegs vier nuwe kultuurrade is in die loop van die boekjaar geregistreer, naamlik, Basotho Bakae Kultuurraad (C13/1/2/2/E25), Kaapse Khoi Kultuurraad (C13/1/2/2/E26), First Indigenous Women Kultuurraad (C13/1/2/2/E27) en Intsika Yamanyange Kultuurraad (C13/1/2/2/E28). Alhoewel slegs vier geregistreer is, was daar 'n toename in die aantal groepe wat aansoek gedoen het om of navraag gedoen het oor registrasie as kultuurrade. Gedurende die laaste deel van die boekjaar het die Minister 'n moratorium geplaas op die registrasie van nuwe kultuurrade. Dit kan daaraan toegeskryf word dat 'n hersiening van openbare Entiteite van stapel gestuur is.

Die Vlaamse SA Kultuurstigting (C13/1/2/2/E16), 'n geregistreerde kultuurraad, het 'n brief aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gerig waarin versoek word dat dié raad van die databasis verwyder word. Die kultuurradesubkomitee het ingestem en die sekretariaat versoek om 'n skrywe te rig waarin kennis geneem word van die versoek om skrapping uit databasis.

Daar is 24 geregistreerde kultuurrade wie se kontakbesonderhede deur die sekretariaat geverifieer en bygewerk is. Die lys van geregistreerde kultuurrade word deur die Khoisan-kultuurgroeperings oorheers. Hierdie feit het daartoe aanleiding gegee dat die subkomitee 'n veldtog van stapel gestuur het om ander kultuurgroepe van die Wes-Kaap te lok, en dan veral vanuit die isiXhosa-sprekende gemeenskappe.

'n Aantal aansoeke om befondsing is ontvang, en een is goedgekeur.

| Kultuurraad | Bedrag goedgekeur |
|---|---|
| Griekwa Nasionale Konferensie van SA (C13/1/2/2/E1) | R30 000 |

*Befondsingsubkomitee*

Die befondsingsubkomitee het hulp verleen met die jaarlikse kuns-en-kultuurbefondsingsproses. Lede van die befondsingsubkomitee het hulp aan personeel verleen met die opstel en finalisering van kriteria waarteen voorleggings geëvalueer is. Gegewe hulle begrip van en insig in die kuns-en-kultuursektor was hulle insette in die proses van onskatbare waarde.

# 3 Finansiële jaarstate

## 3.1 Verslag van die ouditkomitee

Ons lê met genoeë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2012 voor.

**Ouditkomiteelede en bywoning**

Kragtens kabinetsbesluit 55/2007 word die Wes-Kaapse Kultuurkommissie deur die ouditkomitee van die maatskaplike kluster bedien. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede wat hieronder gelys word en moet minstens vier keer per jaar ooreenkomstig sy goedgekeurde opdrag vergader. Gedurende die oorsigboekjaar is sewe vergaderings gehou.

| Naam van lid | Getal vergaderings bygewoon |
|---|---|
| Mnr. R Kingwill (Voorsitter) | 7 |
| Mnr. Z Hoosain | 7 |
| Mnr. L van der Merwe | 6 |
| Adv. M Mdludlu (Kontrak het op 31 Desember 2011 verstryk) | 6 |
| Me. A Jones (Kontrak het op 31 Desember 2011 verstryk) | 5 |
| Mnr. M Burton (1 Januarie 2012 aangestel) | 1 |

Verskoning is aangeteken en aanvaar vir vergaderings nie bygewoon nie. 'n Kworum van lede was by alle vergaderings teenwoordig.

**Ouditkomitee se verantwoordelikhede**

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit **artikel 51(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) en Tesourieregulasie 27.1. ten volle nagekom het.** Die Ouditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte as sy ouditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede uitgevoer het soos daarin vervat.

**Die doeltreffendheid van interne beheer**

Ooreenkomstig die WOFB en die King III-verslag oor die vereistes vir korporatiewe bestuurstoesig verleen interne oudit aan die Ouditkomitee en bestuur die versekering dat interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde interne ouditplan, interne oudit wat die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's verminder, evalueer en die Ouditkomitee wat die implementering van korrektiewe optrede moniteer.

Ons het die verslae van die interne ouditeure, die ouditverslag oor die finansiële jaarstate en die bestuursverslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika hersien. Behalwe die sake wat in die Ouditeur-generaal se oudit- en bestuursverslae weerspieël word en die sake wat hieronder beklemtoon word, is daar nie wesenlike tekortkominge in die stelsel van interne beheer opgemerk nie.

**Gebiede deur interne oudit vir verbetering aangedui**

Gedurende die jaar is vername beheertekortkominge deur interne oudit op die volgende gebiede aangedui:

Programprestasie

Bestuursbeleid oor korrektiewe optrede is goedgekeur en dit word deur die Ouditkomitee gemoniteer.

**Doeltreffendheid en doelmatigheid van risikobestuur**

Ondernemingrisikobestuur vir die Entiteit word steeds deur die moederdepartement, Kultuursake en Sport, aangedryf.

**Die gehalte van in-jaar-moniteringverslae en kwartaallikse verslae wat kragtens die WOFB en die Wet op die Verdeling van Inkomste voorgelê is**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaallikse verslae wat tydens die oorsigjaar deur die departement se rekenpligtige gesag voorberei en uitgereik is.

**Evaluering van finansiële state**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit word, hersien en met die Ouditeur-generaal en die rekenpligtige gesag bespreek;
- die Ouditeur-generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos in die finansiële jaarstate gerapporteer, hersien;
- die Entiteit se prosesse vir nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien;
- die interim finansiële state soos deur die Entiteit vir die ses maande geëindig 30 September 2011 aangebied, hersien en waar gepas wysigings aanbeveel; en
- aansuiwerings voortspruitend uit die oudit hersien.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die Ouditeur-generaal se mening rakende die finansiële jaarstate en stel voor dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met die Ouditeur-generaal se verslag gelees word.

**Interne oudit**

Die Ouditkomitee rapporteer dat die Entiteit deur die Departement van Kultuursake en Sport bedien word en dat tekortkominge in interne beheer op die departementele vlak gerapporteer word.

**Ouditeur-generaal van Suid-Afrika**

Die Ouditkomitee het met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika vergader om te verseker dat geen onopgeloste sake uit die regulatoriese oudit voortspruit nie. Regstellende optrede rakende die gedetailleerde bevindinge voortspruitend uit die lopende regulatoriese oudit sal steeds op 'n kwartaallikse grondslag deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

**Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die amptenare van die departement, die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika en die interne ouditeenheid vir die samewerking en die inligting wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.



Voorsitter van die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee

Datum: 14 Augustus 2012

## 3.2 Rekenpligtige gesag se verslag

***Die bestuursverslag***

Verslag van die rekenpligtige gesag aan die uitvoerende gesag en die Wes-Kaapse Parlement

***Algemene oorsig van die stand van sake***

Die Kommissie het optimaal gedurende die oorsigtydperk, 1 April 2011 tot 24 November 2011, gefunksioneer. Na die verstryking van sy termyn is 'n proses gevolg om vir 'n nuwe Kommissie te adverteer en 'n kortlys op te stel. Teen die einde van die laaste kwartaal van die boekjaar is nog geen aanstellings gemaak nie, en gevolglik het geen kommissievergaderings in die finale kwartaal plaasgevind nie.

***Dienste deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie gelewer***

Die funksie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie word in die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade beskryf – om die Minister te adviseer oor die bewaring, bevordering en ontwikkeling van kultuur in die provinsie deur:

1. Registrasie en deregistrasie van kultuurrade en finansiële hulpverlening aan geregistreerde kultuurrade;
2. Beheer, bestuur, ontwikkeling en instandhouding van roerende en onroerende eiendom wat deur die provinsiale Minister onder sy toesig geplaas is; en
3. Verrigting van ander funksies en take soos deur die provinsiale Minister opgedra en advisering van die provinsiale Minister oor beleidsaangeleenthede.

***Beleid vir registrasie en deregistrasie van kultuurrade***

'n Beleid vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade is gedurende hierdie tydperk aanvaar. Dit lys die vereistes vir inheemse kultuurgroepe om as kultuurrade geregistreer te word. Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het saamgestem dat die beleid in die formaat van 'n boekie gedruk en by openbare biblioteke en museums versprei moet word.

***Benutting-, huur- en verhuringsbeleid***

Die inkomste- en benuttingsbeleide is as die benutting-, huur- en verhuringsbeleid gekonsolideer en is deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie aanvaar en geïmplementeer.

***Kapasiteitsbeperkings***

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het nie werknemers van sy eie nie, en die administratiewe verantwoordelikheid van die Kommissie word aan 'n departementele amptenaar toegewys.

***Benutting van skenkersfondse***

Dit was nie van toepassing tydens die oorsigtydperk nie.

***Sake-adres***

Wes-Kaapse Kultuurkommissie

3de Verdieping, Protea Assuransiegebou

Groentemarkplein

KAAPSTAD, 8001

***Beheerde Entiteite en openbare Entiteite***

Dit was nie van toepassing tydens die oorsigtydperk nie.

***Ander organisasies aan wie oordragbetalings gemaak is***

Die volgende oordragbetalings is tydens die oorsigtydperk gedoen:

| Organisasie | Bedrag oorbetaal |
|---|---:|
| Departement van Kultuursake en Sport | R4 250 000 |
| Suid-Afrikaanse Kersfeesorkesteraad | R49 544 |
| Kaapse Klopse Karnaval-vereniging | R290 508 |
| One City-geleentheidsmaatskappy | R50 000 |
| Kaapse Metro Klopsevereniging | R45 040 |
| Griekwa Nasionale Konferensie van SA (C13/1/2/2/E1) | R30 000 |
| **Totaal** | **R4 715 092** |

***Openbare-private-vennootskappe (OPV's)***

Daar was geen OPV's tydens die oorsigtydperk nie.

***Reëlings vir korporatiewe bestuurstoesig***

***Bedrog- en risikobestuur***

Die Entiteit het 'n aktiewe bedrog- en risikobestuurskomitee wat verteenwoordigend is van alle senior bestuurders van die Entiteit. Die bedrogvoorkomingsplan is hersien en deur die Minister goedgekeur. Bewusmakingsprogramme is onderneem om begrip vir en bewustheid van bedrog, diefstal en korrupsie te bevorder. Alle werknemers het 'n gedragskode onderteken wat op 'n deurlopende grondslag afgedwing word.

Ondernemingsrisikobestuur (ORB) word provinsiaal binne die Departement van die Premier gesentraliseer. Die provinsiale eenheid vir ondernemingsrisikobestuur (PERMU) het hulp aan die departement verleen met fasilitering verwant aan die hersiening en bywerking van risikoregisters. 'n Implementeringsplan is met PERMU onderteken om te verseker dat risiko's deurlopend bestuur en verminder word.

**Interne oudit en ouditkomitee**

Die aktiwiteite van die Entiteit word deur die provinsie se gedeelde Ouditkomitee vir die Maatskaplike Kluster nagevors. Die komitee het die interne-ouditplan vir die 2011/12-boekjaar goedgekeur. Alle beplande interne oudits vir die oorsigtydperk is uitgevoer. Die interne-

ouditdekking is gegrond op die Departement van Kultuursake en Sport se strategiese risikoregister.

Die Entiteit het 'n diensdoenende ouditkomitee wat kragtens 'n goedgekeurde opdrag werksaam was. Dit het by verskeie geleenthede tydens die oorsigboekjaar vergader om die doeltreffendheid van interne beheerstelsels, die interne-ouditfunksie en die departement se risikogebiede te hersien.

**Interne beheer**

Dit is die verantwoordelikheid van die rekenpligtige beampte om interne beheermaatreëls deurlopend te assesseer en te evalueer ten einde te verseker dat die beheeraktiwiteite wat daargestel is, doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en waar nodig bygewerk word. Om dit te vermag, is vername beheervergaderings kwartaalliks met die Ouditeur-generaal, die Entiteit se programbestuurders en die Minister gehou. Hierdie is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Entiteit in die toekoms skoon oudits behaal.

**Rampherstel- en sakekontinuïteitsplanne**

Rampherstel- en sakekontinuïteitsplanne is vir alle kantore van die Departement van Kultuursake en Sport en die Entiteit ontwikkel en goedgekeur ten einde die algemene prosedures uiteen te sit wat gevolg moet word in die geval van 'n ernstige (of dreigende) ontwrigting van die departement se bedrywighede.

**Verantwoordelikhede van rekenpligtige gesag**

Die Entiteit het beleid en prosedures ontwikkel om die rekenpligtige beampte van hulp te wees met nakoming van artikels 51, 52 en 54 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB).

**Aktiwiteite wat gestaak is/aktiwiteite wat gestaak gaan word**

Geen aktiwiteite is gedurende die boekjaar gestaak nie.

**Nuwe/voorgestelde aktiwiteite**

Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie het vergader om 'n jaarlikse prestasieplan in ooreenstemming met die Departement van Kultuursake en Sport se strategiese rigting te bespreek. Die jaarlikse prestasieplan is via die rekenpligtige gesag van die Entiteit aan die uitvoerende gesag vir oorweging voorgelê. Die uitvoerende gesag het die jaarlikse prestasieplan vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie goedgekeur. Die aktiwiteite en teikens wat in die jaarlikse prestasieplan gelys word, is om die wettige mandaat van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie na te kom.

**Gebeure na datum van balansstaat**

Daar was geen sodanige gebeure tydens die oorsigjaar nie.

**Prestasie-inligting**

Die prestasie-inligting word in Deel 2 van die jaarverslag verskaf.

**SKOOR-resolusie: Wes-Kaapse Kultuurkommissie**

| Resolusie/Kommer | Optrede |
|---|---|
| Die komitee het sy kommer uitgespreek oor die regressie van die Entiteit vanuit 'n finansieel ongekwalifiseerde ouditmening met geen bevindings om die ouditmening finansieel ongekwalifiseerd te bevind nie. | Die regressie kan toegeskryf word aan nienakoming van 'n praktyknota waarvolgens toekennings aan verskaffers gemaak is wat nie 'n verklaring afgelê het oor of hulle in diens van die staat is of 'n verbintenis het met 'n persoon wat in diens van die staat is nie. Die departement kom nou hierdie praktyknota ten volle na. |
| Bestuur het nie toereikende kontrolemaatreëls onderteken om die risiko van nienakoming van die regulasies vir aanbodkettingbestuur te mitigeer nie en het, derhalwe, nie die praktykkennisgewing soos per tesourieregulasies nagekom nie; en | Die Ouditeur-generaal se aanbeveling is op 1 Augustus 2011 geïmplementeer. Verklarings deur diensverskaffers met wie die departement vir die tydperk 1 April 2011 tot 31 Julie 2011 handel gedryf het, is versamel om nakoming van die vereistes van die tesourieregulasie en praktykkennisgewing te verseker. |
| Geen rampherstelplan was in plek nie en wysigings aan meesterlêers is nie deur die gepaste vlak van bestuur goedgekeur nie. Verifiëringsprosedures was nie in plek om te verseker dat die regstellings wat aangebring is, korrek en in ooreenstemming met insetvorms is nie. | 'n Rampherstelplan is op 5 April 2011 goedgekeur en geïmplementeer.<br><br>Verifiëringsprosedures is op 1 April 2011 geïmplementeer. |
| Die komitee het erkenning verleen aan die Entiteit se pogings om 'n finansieel ongekwalifiseerde ouditmening met bevindinge oor vooraf bepaalde doelwitte en nakoming van wette en regulasies te bekom. | |

**Ander**

Geen.

**Goedkeuring**

Die finansiële jaarstate soos uiteengesit in Deel 3 vanaf bladsy 26 tot 43 is deur die rekenpligtige gesag goedgekeur.

**Jane Moleleki**
**REKENPLIGTIGE GESAG: WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE**
**31 MEI 2012**

## 3.3 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE DEPARTEMENT OOR DIE WES-KAAPSE KULTUURKOMMISSIE

### VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

#### Inleiding

1. Ek het die meegaande finansiële state van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie geoudit bestaande uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2012, staat van finansiële prestasie, staat van veranderings in netto bates en die kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge soos uiteengesit op bladsye 26 tot 43.

#### Rekenpligtige gesag se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van hierdie finansiële state ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Standaarde vir Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), die vereistes van die Suid-Afrikaanse Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet no. 1 van 1999) (WOFB) en artikel 15(6) van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 (Wet no. 14 van 1998) (WKKKW) en vir sodanige interne beheermaatreëls soos van tyd tot tyd deur die rekenpligtige gesag nodig geag mag word ten einde te verseker dat die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, vry van wesenlike wanvoorstelling voorberei word.

#### Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om, gegrond op my oudit, 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ek het my oudit uitgevoer ooreenkomstig die Openbare Ouditwet van Suid-Afrika, 2004 (Wet no. 25 van 2004) (OOW), die *algemene kennisgewing* wat daarvolgens uitgereik is en die internasionale standaarde wat op ouditering van toepassing is. Hierdie standaarde vereis dat ek aan etiese vereistes voldoen en die oudit beplan en uitvoer met die oog daarop om redelike sekerheid te verkry dat die finansiële state wel vry van wesenlike wanvoorstellings is.

4. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te bekom van die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word, hang van die ouditeur se oordeel af, ingeslote die assessering van die risiko's vir wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Wanneer daardie risiko's geassesseer word, oorweeg die ouditeur die interne beheer van toepassing op die Entiteit se voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state met die oog daarop om ouditprosedures te ontwerp wat onder omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die Entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit behels ook 'n evaluering van die gepastheid van die rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige beramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en gepas is om as basis vir my ouditmening te dien.

#### Mening

6. Na my mening is die finansiële state 'n billike aanbieding, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie soos op 31 Maart 2012 en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die SA Standaarde van AARP en die vereistes vervat in die WOFB en die WKKKW.

**Beklemtoning van aangeleentheid**

7. Ek vestig aandag op die aangeleenthede hieronder. Hierdie aangeleentheid kwalifiseer nie my ouditmening nie.

**Heraangee van ooreenstemmende bedrae**

8. Soos geopenbaar in aantekening 14 tot die finansiële state is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2011 heraangegee weens 'n fout wat in die loop van 2011-2012 in die finansiële state van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie ontdek is by afsluiting en teen afloop van die jaar geëindig 31 Maart 2011.

**VERSLAG OOR ANDER WETLIKE EN REGULERENDE VEREISTES**

9. Kragtens die OOW en *algemene kennisgewing* wat ooreenkomstig daardie wet uitgereik is, rapporteer ek die volgende bevindinge van toepassing op prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte, nakoming van wette en regulasies en interne beheer, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek nie.

**Voorafbepaalde doelwitte**

10. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te bekom oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasieverslag soos uiteengesit op bladsye 26 tot 43 van die jaarverslag.

11. Die gerapporteerde prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is geëvalueer teen die oorhoofse kriteria van bruikbaarheid en betroubaarheid. Die bruikbaarheid van inligting in die jaarlikse prestasieverslag hou verband daarmee of dit ooreenkomstig die Nasionale Tesourie se jaarlikse rapporteringsbeginsels aangebied is en of die gerapporteerde prestasie ooreenstem met die beplande doelwitte. Die bruikbaarheid van inligting hou voorts daarmee verband of aanwysers en teikens meetbaar is (d.w.s. goed gedefinieer, verifieerbaar, spesifiek, meetbaar en tydsgebonde) en tersaaklik, soos deur die *Nasionale Tesourie se raamwerk vir die bestuur van programme se prestasie-inligting* vereis.

    Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die uitgesoekte doelwitte word geëvalueer om te bepaal of dit die feite (d.w.s. of dit geldig, akkuraat en volledig is) voldoende weerspieël.

12. Daar is geen wesenlike bevindinge oor die jaarlikse prestasieverslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van die inligting nie.

**Bykomende aangeleenthede**

13. Alhoewel geen wesenlike bevindinge rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van die prestasie-inligting in die jaarlikse prestasieverslag geïdentifiseer is nie, vestig ek die aandag op die saak hieronder:

**Bereiking van beplande teikens**

14. Van die totale aantal beplande teikens, is slegs agt gedurende die oorsigjaar behaal. Dit verteenwoordig 43% van die beplande teikens wat nie gedurende die oorsigjaar bereik is nie.

15. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat 'n nuwe kommissie nie aangestel is nie en die beplande vergaderings derhalwe nie gehou kon word nie.

**Nakoming van wette en regulasies**

16. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te bekom dat die Entiteit aan toepaslike wette en regulasies ten opsigte van finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede voldoen het.

17. Ek het nie enige gevalle van wesenlike nienakoming van spesifieke aangeleenthede in vername toepaslike wette en regulasies soos uiteengesit in die *Algemene Kennisgewing* uitgereik kragtens die OOW geïdentifiseer nie.

**Interne beheer**

18. Ek het interne beheer relevant tot my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en nakoming van wette en regulasies oorweeg.

19. Ek het nie enige tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer wat na my mening beduidend genoeg is vir insluiting in hierdie verslag nie.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2012

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

## Algemene inligting

| | |
|---|---|
| **Land van inkorporasie en domisilie** | Suid-Afrika |
| **Geregistreerde kantoor** | Protea Assuransiegebou<br>Groentemarkplein<br>Kaapstad<br>8000 |
| **Sake-adres** | Protea Assuransiegebou<br>Groentemarkplein<br>Kaapstad<br>8000 |
| **Posadres** | Privaatsak X9067<br>Kaapstad<br>8000 |

## 3.5 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE soos op 31 Maart 2012

| Syfers in rand | **AANT.** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Lopende bates** | | | |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | 2 | **281** | 496 |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 | **5,322** | 9,759 |
| **Nielopende bates** | | | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | 12 | **-** | 30 |
| **TOTALE BATES** | | **5,603** | 10,285 |
| **LASTE** | | | |
| **Lopende laste** | | | |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | 4 | **91** | 125 |
| Inkomste vooruit ontvang | 4 | **172** | 227 |
| **TOTALE LASTE** | | **263** | 352 |
| **NETTO BATES** | | | |
| Opgelope oorskot | | **5,340** | 9,933 |
| **TOTALE NETTO BATES** | | **5,603** | 10,285 |

## 3.6 STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in rand | AANT. | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | 5 | **150** | 1,011 |
| Ander bedryfsinkomste | 5 | **1,658** | 1,765 |
| Rente-inkomste | 5 | **453** | 589 |
| **TOTALE INKOMSTE** | | **2,261** | 3,365 |
| **UITGAWES** | | | |
| Ledegelde | 8 | **(46)** | (141) |
| Administratiewe uitgawes | 9 | **(67)** | (117) |
| Ouditgelde | 6 | **(250)** | (168) |
| Oordragte en subsidies: uitgawes | 10 | **(4,715)** | (3,255) |
| Ander bedryfsuitgawes | 11 | **(1,776)** | (2,775) |
| **TOTALE UITGAWES** | | **(6,854)** | (6,456) |
| **TEKORT VIR DIE JAAR** | | **(4,593)** | (3,091) |

## 3.7 STAAT VAN VERANDERINGS IN NETTO BATES vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| | **Opgelope oorskot R'000** | Totale Ekwiteit R'000 |
|---|---|---|
| **Saldo soos oorspronklik verstrek** | **13,387** | 13,387 |
| Regstelling van foute uit vorige jaar | **(363)** | (363) |
| **Herverstrekte saldo op 01 April 2010** | **13,024** | 13,024 |
| Tekort vir die jaar | **(3,091)** | (3,091) |
| **Herverstrekte saldo op 01 April 2011** | **9,933** | 9,933 |
| **Soos herverstrek** | **9,933** | 9,933 |
| Tekort vir die jaar | **(4,593)** | (4,601) |
| **Saldo soos op 31 Maart 2012** | **5,340** | 5,332 |

## 3.8 KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 31 Maart 2012

| Syfers in rand | AANT. | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontantontvangstes vanaf klante | | **2,023** | 2,780 |
| Kontant betaal aan verskaffers | | **(6,913)** | (7,476) |
| Kontant gebruik in bedrywighede | 7 | **(4,890)** | (4,696) |
| Rente ontvang | | **453** | 589 |
| Netto kontantuitvloei uit bedryfsaktiwiteite | | **(4,437)** | (4,107) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Aankoop van masjinerie en toerusting | | **-** | (7) |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | | **-** | (7) |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | | **(4,437)** | (4,114) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | **9,759** | 13,873 |
| **Totale kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 3 | **5,322** | 9,759 |

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEIDE

### 1.1 AANBIEDING VAN FINANSIËLE STATE

Die finansiële state is ooreenkomstig die volgende beleidsrigtings voorberei wat, tensy anders aangedui, in alle wesenlike opsigte konsekwent toegepas is. Waar dit toepaslik en van waarde is, word bykomende inligting egter openbaargemaak om die bruikbaarheid van die finansiële state te verhoog en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourieregulasies, uitgevaardig ooreenkomstig hierdie wet.

### 1.2 Basis van voorbereiding

Die finansiële state is voorberei ooreenkomstig die effektiewe Standaarde van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) ingeslote enige interpretasies, riglyne en voorskrifte wat deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde uitgereik is.

Die finansiële state is voorberei ooreenkomstig die historiese kostekonvensie, tensy soos in die rekeningkundige beleidsrigtings hieronder openbaargemaak. Die rekeningkundige beleidsrigtings wat hieronder uiteengesit word, is konsekwent toegepas op alle jare wat in hierdie finansiële state aangebied word, tensy anders vermeld. Standaarde van AARP wat vir die oorsigtydperk effektief is:

| AARP-no. | Beskrywing | AARP-no. | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| **AARP 1** | Aanbieding van finansiële state | **AARP 11** | Konstruksiekontrakte (soos in 2010 hersien) |
| **AARP 2** | Kontantvloeistate | **AARP 12** | Voorrade (soos in 2010 hersien) |
| **AARP 3** | Rekeningkundige beleide, veranderings in rekeningkundige ramings en foute | **AARP 13** | Bruikhuurooreenkomste (soos hersien) |
| **AARP 4** | Die impakte van veranderings in buitelandse wisselkoerse | **AARP 14** | Gebeure ná verslagdatum |
| **AARP 5** | Leningskoste | **AARP 16** | Beleggingseiendom (soos in 2010 hersien) |
| **AARP 6** | Gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state | **AARP 17** | Eiendom, masjinerie en toerusting |
| **AARP 7** | Beleggings in verwante liggame | **AARP 19** | Voorsienings, onvoorsiene laste en onvoorsiene bates |
| **AARP 8** | Belange in gesamentlike ondernemings | **AARP 100** | Nie-bedryfsbates vir vervreemding gehou en gestaakte bedrywighede (soos in 2010 hersien) |
| **AARP 9** | Inkomste uit ruiltransaksies | **AARP 101** | Landbou |
| **AARP 10** | Finansiële verslagdoening in hiperinflasionêre ekonomieë (soos in 2010 hersien) | **AARP 102** | Nie-tasbare bates |

Rekeningkundige beleidsrigtings vir wesenlike transaksies, gebeure of omstandighede wat nie deur die aanvaarde AARP-standaarde gedek word nie, is ooreenkomstig paragrawe 7, 11 en 12 van AARP 3 ontwikkel. Hierdie rekeningkundige beleidsrigtings en die tersaaklike openbaarmakings is gegrond op internasionale staatverslagdoeningstandaarde (IPSAS) en die Suid-Afrikaanse Verklarings van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyke (AARP), asook

enige vertolkings van sodanige verklarings wat deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke uitgereik is.

In nakoming van AARP word met die voorbereiding van finansiële state van bestuur vereis om 'n oordeel uit te spreek, ramings te doen en aannames te maak wat 'n impak het op die toepassing van beleidsrigtings, sowel as op bedrae wat vir bates en laste, inkomste en uitgawes gerapporteer word.

Die ramings en aannames word gegrond op historiese ervaring en verskeie ander faktore wat as redelik onder die omstandighede geag word, en die resultate hiervan vorm die grondslag waarvolgens 'n oordeel uitgespreek word oor die drawaarde van bates en laste waar dit nie geredelik uit ander bronne blyk nie. Werklike resultate kan van hierdie ramings verskil. Die ramings en onderliggende aannames word op 'n deurlopende basis hersien. Hersienings van rekeningkundige ramings word in die jaar waarin die raming hersien word, erken indien die hersiening slegs 'n impak op daardie jaar het, of in die jaar van hersiening en toekomstige jare as die hersiening 'n impak op beide lopende en toekomstige jare het.

**1.2.1 Standaarde nog nie van toepassing vir die verslagtydperk nie**
Standaarde van AARP waarvan aanvaarding vervroeg kan word:

| | |
|---|---|
| **AARP 21** | Verswakking van nie-kontant-genererende bates |
| **AARP 23 *** | Inkomste uit nie-ruiltransaksies (belasting en oordragte) |
| **AARP 24** | Aanbieding van begrotingsinligting in finansiële state |
| **AARP 26** | Verswakking van kontant-genererende bates |
| **AARP 103** | Erfenisbates |

***Aanvaarding van AARP 23 is vervroeg**
Standaarde van AARP wat gebruik kan word om 'n rekeningkundige beleid te ontwikkel:

| | |
|---|---|
| **AARP 25** | Werknemervoordele |
| **AARP 104** | Finansiële instrumente |
| **AARP 105** | Oordragte van funksies tussen Entiteite onder gemeenskaplike beheer |
| **AARP 106** | Oordragte van funksies tussen Entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie |
| **AARP 107** | Samesmeltings |

Goedgekeurde Standaarde van AARP wat Entiteite nie hoef toe te pas nie:

- **AARP 18:** Segmentverslagdoening

Bestuur voorsien dat die impak verbonde aan die implementering van hierdie standaarde nie 'n wesenlike impak op die Entiteit sal hê nie.

**1.2.2** Die kontantvloeistaat kan slegs volgens die direkte metode voorberei word.

**1.2.3** Spesifieke inligting is afsonderlik in die staat van posisie aangebied, soos:

(a) Ontvangbare rekeninge uit nie-ruiltransaksies soos belasting en oordragte;
(b) Belasting en oordragte betaalbaar;
(c) Handels- en ander betaalbare rekeninge uit nie-ruiltransaksies.

## 1.3 GELDEENHEID IN AANBIEDING

Die funksionele geldeenheid van die Entiteit is Suid-Afrikaanse Rand. Hierdie finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied. Alle bedrae is tot die naaste duisend (1 000) Rand afgerond.

## 1.4. AANVAARDING VAN LOPENDE ONDERNEMING

Hierdie finansiële jaarstate is op die grondslag van 'n lopende onderneming voorberei.

## 1.5. INKOMSTE

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding wat ontvang of ontvangbaar is. Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal vir die Entiteit hieruit sal voortspruit en wanneer die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word en daar aan spesifieke kriteria vir die Entiteit se aktiwiteite voldoen is. Inkomste uit die lewering van dienste word as 'n oorskot of tekort erken in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie teen die verslagdatum.

Die bedrag word nie as betroubaar meetbaar geag totdat alle onvoorsiene uitgawes verwant aan die transaksie opgelos is nie.

### 1.5.1 Inkomste uit nie-ruiltransaksies

#### 1.5.1.1 Onvoorwaardelike toekennings

'n Onvoorwaardelike toekenning word as inkomste erken wanneer die toekenning ontvangbaar word.

#### 1.5.1.2 Voorwaardelike toekennings en ontvangstes

Inkomste wat uit voorwaardelike toekennings, donasies en befondsing ontvang word, word as inkomste erken in die mate waartoe die Entiteit voldoen het aan enige kriteria, voorwaardes of verpligtinge vervat in die ooreenkoms. Die mate waartoe daar nie aan die kriteria, voorwaardes of verpligtinge voldoen is nie, word as 'n las erken.

Rente wat op beleggings verdien is word hanteer ingevolge die voorwaardes van die toekenning. As dit aan die verskaffer betaalbaar is, word dit as deel van die las aangeteken en indien nie, word dit in die staat van finansiële prestasie erken as rente verdien.

Toekennings wat die Entiteit vergoed vir uitgawes wat aangegaan is, word op 'n stelselmatige grondslag as 'n oorskot of tekort erken in dieselfde jaar as waarin die uitgawes erken word.

#### 1.5.1.3 Dienste in natura

Dienste in natura is dienste wat kosteloos deur individue aan Entiteite gelewer word, maar wat aan bepalings onderworpe kan wees. Staatsdienspersoneel verleen waardevolle ondersteuning aan die Entiteit in die behaling van sy doelwitte; die diens wat gelewer word, kan egter nie betroubaar gemeet word nie en word dus nie in die staat van finansiële prestasie of die staat van finansiële posisie erken nie.

Die aard van die diens word in die aantekeninge tot die finansiële state onder verwante partye openbaargemaak.

### 1.5.2 Inkomste uit ruiltransaksies
Inkomste wat uit rente op beleggings en lopende bankrekening ontvang is.

## 1.6 BUITELANDSE GELDEENHEDE
Transaksies wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer word, word omgeskakel teen die wisselkoers wat op die transaksiedatum geldig was. Monetêre items wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer word, word omgeskakel teen die wisselkoers wat op die verslagdatum geldig was. Winste of verliese wat uit transaksies voortspruit, word teen oorskot/tekort verreken.

## 1.7 UITGAWES
### 1.7.1 Finansiële transaksies in bates en laste

Skuld word afgeskryf wanneer dit as nie-verhaalbaar geïdentifiseer word. Skuld wat afgeskryf word, is beperk tot die bedrag van spaargeld en/of onderbesteding op begrote fondse. Die afskrywing vind teen jaareinde plaas, of wanneer fondse beskikbaar is.

Geen voorsiening is vir onverhaalbare bedrae gemaak nie, maar bedrae word as openbaarmakingsaantekeninge ingesluit. Alle ander verliese word erken wanneer magtiging vir die erkenning daarvan verleen is.

### 1.7.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die staat van finansiële posisie as 'n bate erken tot tyd en wyl die uitgawe van die verantwoordelike persoon verhaal is of as onverhaalbaar in die staat van finansiële prestasie afgeskryf is.

### 1.7.3 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word as 'n uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawe nie deur die tersaaklike gesag goedgekeur word nie, word dit as 'n bate hanteer tot tyd en wyl dit verhaal of as onverhaalbaar afgeskryf word.

### 1.7.4 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word as 'n uitgawe erken wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel (nie later nie as 31 Maart elke jaar) ingevoer word.

## 1.8 FINANSIËLE INSTRUMENTE
Die Entiteit se finansiële instrumente word gekategoriseer as óf finansiële bates, óf as laste.

### 1.8.1 Finansiële bates
'n Finansiële bate is enige bate wat kontant is of 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang. Die Entiteit het die volgende tipes finansiële bates soos oënskynlik blyk uit die staat van finansiële posisie of uit die aantekeninge wat daarmee verband hou:

- Handels- en ander ontvangbare rekeninge
- Kontant en kontantekwivalente

Ooreenkomstig IRS 39.09 word die finansiële bates van die Entiteit as volg geklassifiseer in die kategorieë wat volgens hierdie standaard toelaatbaar is:

| Tipe finansiële bate | Klassifikasie ooreenkomstig IRS 39.09 |
|---|---|
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | Lenings en ontvangbare rekeninge |
| Kontant en kontantekwivalente | Lenings en ontvangbare rekeninge |

**1.8.1.1 Lenings en ontvangbare rekeninge**
Lenings en ontvangbare rekeninge word aanvanklik teen koste, wat billike waarde verteenwoordig, erken. Ná aanvanklike erkenning, word finansiële bates gemeet teen gedelgde koste deur van die metode heersende rente min toelating vir benadeling gebruik te maak. Hulle word as lopende bates ingesluit, met die uitsondering van termyne van langer as 12 maande wat as nie-bedryfsbates geklassifiseer word.

**1.8.2 Finansiële laste**
'n Finansiële las is 'n kontraktuele verpligting om kontant of ander finansiële bate aan 'n ander Entiteit te lewer. Die finansiële laste van die Entiteit is handels- en ander betaalbare rekeninge soos oënskynlik uit die staat van finansiële posisie en die aantekeninge tot daardie staat blyk.

Daar is twee hoofkategorieë van finansiële laste, waar klassifikasie gegrond word op hoe hulle gemeet word. Finansiële laste kan gemeet word teen:

- Billike waarde by wyse van oorskot of tekort; of
- Gedelgde koste.

Finansiële laste wat op billike waarde teen oorskot of tekort gemeet word, word teen billike waarde aangegee, met enige gevolglike wins of verlies wat in die staat van finansiële posisie erken word. Enige ander finansiële las moet geklassifiseer word as 'n finansiële las wat nie teen billike waarde by wyse van oorskot of tekort gemeet word nie en wat aanvanklik teen billike waarde, netto of transaksiekoste gemeet is.

Ander finansiële laste word daarna teen gedelgde koste gemeet deur van die metode van heersende koste gebruik te maak, met uitgawes aan rente wat op 'n effektiewe opbrengsbasis erken word.

**1.9 EIENDOM, MASJINERIE EN TOERUSTING**

**1.9.1 Erkenning en maatstaf**
Alle items verwant aan masjinerie en toerusting word aangegee teen historiese koste min opgelope waardevermindering en opgelope verswakkingsverliese. Masjinerie- en toerustingitems wat teen geen of nominale koste verkry is, word aanvanklik teen billike koste op die datum van verkryging erken en daarna teen die aanvanklik bepaalde billike waarde min opgelope waardevermindering en verswakkingsverliese gedra. Wanneer die onderdele van masjinerie of toerusting se bruikbare leeftyd verskil, word daar van hulle as afsonderlike items (vername komponente) van masjinerie en toerusting rekenskap gegee.

Die koste van 'n masjinerie- en toerustingitem sluit in sy aankoopprys, waaronder invoerbelasting en nie-terugbetaalbare koopbelasting, en enige regstreeks toedeelbare koste wat in die verkryging, daarstelling en installering van sodanige bate aangegaan is om die bate in 'n werkende toestand vir sy voorgenome doel te kry.

Dit sluit bates wat met staatstoekennings aangekoop is, uit. Die kosprys van bates wat met staatstoekennings befonds is, word met die staatstoekenning verwant aan die bate verlaag.

### 1.9.2 Latere koste

Latere koste word by die bate se drawaarde ingesluit of, waar gepas, as 'n afsonderlike bate erken, slegs wanneer dit moontlik is dat toekomstige ekonomiese voordeel wat met die item geassosieer word, die Entiteit sal toeval en die koste van die item betroubaar gemeet kan word. Die drawaarde van die vervangde onderdeel word dan gede-erken. Alle ander herstel- en instandhoudingskoste word op die staat van finansiële prestasie geplaas gedurende die boekjaar waarin hulle aangegaan word. Waardevermindering op elke onderdeel van 'n masjinerie- of toerustingitem wat betekenisvol is in verhouding tot die totale koste van die item sal afsonderlik bereken word.

### 1.9.3 Waardevermindering

Waardevermindering word as 'n oorskot of tekort op 'n reguitlynbasis erken oor die beraamde bruikbare leeftyd van elke onderdeel van 'n masjinerie- of toerustingitem teen die volgende koerse:

| Waardeverminderingkoerse wat gebruik word, is: | Per jaar |
|---|---|
| Rekenaars en rekenaarsagteware | 33.3% |
| Voertuie | 20% |
| Toerusting | 25% |

Waardevermindering op elke onderdeel van 'n masjinerie- of toerustingitem wat beduidend is in verhouding tot die totale koste van die item sal afsonderlik bereken word.

Waardevermindering begin wanneer 'n bate vir gebruik beskikbaar is en eindig op die latere datum wanneer die bate gede-erken word of ooreenkomstig AARP 100 as 'te koop' geklassifiseer word.

Waar die drawaarde van 'n bate groter is as sy beraamde verhaalbare bedrag, word dit onmiddellik na sy verhaalbare bedrag teruggeskryf.

### 1.9.4 Bates se bruikbare leeftye en reswaarde

Die waarde van masjinerie en toerusting word oor sy bruikbare leeftyd verminder met inagneming van reswaardes waar van toepassing. Die werklike bruikbare leeftye van die bates en reswaardes word jaarliks geëvalueer en kan weens 'n aantal faktore varieer. In die herevaluering van bates se bruikbare leeftye word faktore soos tegnologiese vernuwing, produklewensiklusse en instandhoudingsprogramme in ag geneem. Reswaarde-evaluering oorweeg aspekte soos toekomstige marktoestande, die oorblywende leeftyd van die bate en geprojekteerde vervreemdingswaarde.

### 1.9.5 De-erkenning

'n Masjinerie- en toerustingitem word by vervreemding gede-erken of wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit sy voortgesette gebruik of vervreemding verwag word nie. Die drawaardes van bates word by vervreemding afgeskryf

(bereken as die verskil tussen die netto vervreemdingsopbrengste en die drawaarde van die bate) en word by die staat van finansiële prestasie ingesluit in die jaar waarin die bate gede-erken word.

**1.10 VERSWAKKING VAN BATES**

Die bates word vir verswakking erken wanneer daar rede is om te glo dat verswakking dalk nodig kan wees. 'n Verswakkingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die bate se drawaarde sy verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van 'n bate se billike waarde min koste om te verkoop en gebruikswaarde. Vir die doel om verswakking te evalueer, word bates gegroepeer teen die laagste vlakke waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei ('kontantgenererende eenhede') is. Bates wat as verswak geïdentifiseer is, word by elke verslagdatum hersien.

**1.11 KRITIEKE REKENINGKUNDIGE RAMINGS EN AANNAMES**

Die Entiteit maak ramings en aannames rakende die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige ramings sal, uiteraard, selde met die verwante werklike resultate ooreenstem. Ramings en aannames word deurlopend geëvalueer en is gegrond op historiese ervaring en ander faktore, ingeslote verwagtings oor toekomstige gebeure wat as redelik onder die omstandighede beskou word. Die ramings en aannames wat 'n beduidende risiko van wesenlike aansuiwerings aan die drawaardes van bates en laste binne die volgende boekjaar inhou, word hierna bespreek.

**1.11.1 Voorsiening vir verswakking van ontvangbare rekeninge**

'n Raming vir die verswakking van ontvangbare rekeninge word gemaak wanneer vordering van die volle bedrag nie meer moontlik is nie. Die voorsiening vir verswakkingskuld sal slegs op ontvangbare handelsrekeninge bereken word. Die Entiteit se totale verswakkingvoorsiening sal óf per individuele debiteur óf ten minste per risikokategorie bereken word.

| Syfers in rand | **2012**<br>**R'000** | 2011<br>R'000 |
|---|---|---|
| **1.12 BTW EN MOONTLIKE VRYSTELLINGS** | | |

Die Entiteit is nie as 'n BTW-onderneming geregistreer nie. As enige befondsing egter ontvang word wat die Entiteit op moontlike vrystellings geregtig maak, sal sodanige aansoek aanhangig gemaak word.

| **2. Handels- en ander ontvangbare rekeninge** | | |
|---|---|---|
| Voorsiening vir slegte skuld | **-** | (322) |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | **274** | 818 |
| Opgelope rente | **7** | - |
| | **281** | 496 |

Handels- en ander ontvangbare rekeninge word as lenings en ontvangbare rekening geklassifiseer. Die billike waarde van handels- en ander ontvangbare transaksies is naastenby hulle billike waarde.

| **3. Kontant en kontantekwivalente** | | |
|---|---|---|
| Kontant en kontantekwivalente bestaan uit: | | |
| Banksaldo's | **706** | 1,415 |
| Korttermyn-deposito's | **4,616** | 8,344 |
| | **5,322** | 9,759 |

| Syfers in rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

**Kredietkwaliteit van kontant by bank en korttermyn-deposito's, uitgeslote kontant voor hande**
Kontant en kontantekwivalente omvat kontant en korttermyn-, hoogs likiede beleggings wat gehou word by geregistreerde bankinstansies met vervaldatums van drie maande of minder en is onderworpe aan beduidende rentekoersrisiko's. Die drawaarde van hierdie bates is naastenby hulle billike waarde.

**4. Handels- en ander betaalbare rekeninge**

| | | |
|---|---|---|
| Betaalbare handelsrekeninge | **-** | 1 |
| Opgelope uitgawes | **36** | 56 |
| Inkomste vooruit ontvang | **172** | 227 |
| Terugbetalings: Huurinkomste | **55** | 59 |
| Ongeïdentifiseerde huurinkomste | **-** | 9 |
| | **263** | 352 |

Handels- en ander betaalbare rekeninge word as 'n finansiële las geklassifiseer. Die billike waarde van handels- en ander betaalbare transaksies is naastenby hulle billike waarde.

**5. Inkomste**
**Inkomste uit nie-ruiltransaksies**

| | | |
|---|---|---|
| Oordragte en subsidies ontvang | **150** | 1,011 |
| | **2,261** | 3,365 |

**6. Ouditgelde**

| | | |
|---|---|---|
| Eksterne oudit | **250** | 168 |
| | **250** | 168 |

| Syfers in rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **7. Kontant voortgebring uit/(gebruik in) bedrywighede** | | |
| (Tekort)/Oorskot voor belasting | **(4,593)** | (3,091) |
| Aansuiwering vir: | | |
| Rente ontvang | **(453)** | (589) |
| Verlies op vervreemding van bates | **30** | |
| **Veranderings in beskikbare kapitaal** | | |
| Waardevermindering | **-** | 8 |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge | **537** | (88) |
| Handels- en ander ontvangbare rekeninge: Verwante partye | **-** | 1 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld | **(322)** | 92 |
| Handels- en ander betaalbare rekeninge | **(89)** | (1,029) |
| | **(4,890)** | (4,696) |

| Syfers in rand | 2012 R'000 | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| Lede van die Kommisie | | |
| T. Akleker | **7** | 17 |
| P. Blaauw | **5** | 12 |
| U. Deglon | **-** | 7 |
| L .Goshe | **-** | 2 |
| S. Gxilishe | **5** | 12 |
| T. Swartbooi | **2** | 11 |
| C. van der Rheede | **3** | 7 |
| H. van Wyk | **5** | 13 |
| G. Tyatya | **5** | 10 |
| E. Tshandu | **4** | 3 |
| X. May | **4** | 16 |
| J. du Plessis | **3** | 10 |
| L. Jacobs | **2** | 11 |
| HM. van Coller | **1** | 10 |
| | **46** | 141 |

**9. Administratiewe uitgawes**

| | | |
|---|---|---|
| Onthaal | **18** | 59 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | **44** | 51 |
| Bankheffings | **5** | 7 |
| | **67** | 117 |

**10. Oordragte en subsidies**

| | | |
|---|---|---|
| Professionele organisasies/OSW | **50** | 195 |
| Kultuurrade | **370** | 60 |
| Klopse | **45** | - |
| Departement van Kultuursake en Sport | **4,250** | 3,000 |
| | **4,715** | 3,255 |

**11. Ander bedryfsuitgawes**

| | | |
|---|---|---|
| Konsultante, kontrakteurs en gespesialiseerde dienste | **129** | 439 |
| Waardevermindering | **-** | 8 |
| Advertering | **1** | - |
| Slegte skuld | **-** | 91 |
| Toerusting minder as R5 000 | **104** | 185 |
| Voorrade / verbruiksgoedere | **126** | 162 |
| Reis en verblyf | **69** | 134 |
| Eiendomsuitgawes | **932** | 1,695 |
| Kommunikasiekost | **13** | 10 |
| Afskrywing | **-** | 1 |
| Instandhouding, herstelwerk en bedryfskoste | **252** | 48 |
| Koerier- en afleweringsdienste | **2** | 2 |
| Regsfooie | **80** | - |
| Donasies (bates) | **68** | - |
| | **1,776** | 2,775 |

| Syfers in rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

## 12. Eiendom, masjinerie en toerusting

### Masjinerie en toerusting

| | 2012 | 2011 |
|---|---|---|
| Koste/waardasie | **42** | 35 |
| Byvoegings | **-** | 7 |
| Opgelope waardevermindering | **(12)** | (4) |
| Waardevermindering | **-** | (8) |
| Vervreemding van bates | **(30)** | - |
| **Drawaarde** | **-** | 30 |

Vir die oorsigtydperk is alle bates na die Departement van Kultuursake en Sport oorgedra om die doeltreffende bestuur van alle bates te verseker. AARP 17, eiendom, masjinerie en toerusting (de-erkenning van bates) is toegepas om rekenskap te gee van die effek van die donasie teen drawaarde soos op 31 Maart 2011 en teen koste soos op 31 Maart 2012. Die effek van die geskenkte bates word by die tekort ingesluit.

## 13. Verwante partye

**Verwantskappe**

| | |
|---|---|
| Primêre befondser | Departement van Kultuursake en Sport |
| Strategiese vennoot | Erfenis Wes-Kaap |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Taalkomitee |

**Aard van verwantskap**

Amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap vervul die uitvoerende en administratiewe funksies wat met die Wes-Kaapse Kultuurkommissie verband hou.

Die Entiteit benut die akkommodasie van die Departement van Kultuursake en Sport en het toegang tot die gebruik van sy bates, onder andere die sekuriteitsdienste wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid gelewer word.

| Syfers in rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

**Verwanteparty-saldo's**
**Verwanteparty-transaksies:**

| **Inkomste ontvang vanaf verwante partye** | **2012** | **2011** |
|---|---|---|
| Departement van Kultuursake en Sport | 150 | 100 |
| Departement van Kultuursake en Sport | - | 911 |

| **Inkomste betaal aan verwante partye** | **2012** | **2011** |
|---|---|---|
| Departement van Kultuursake en Sport | (4,250) | (3,000) |

| Syfers in rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

## 14. Vorigejaar-foute

Die vorigejaar-foute is heraangegee en is die gevolg van nuwe inligting wat bekom is en in die voorbereiding en aanbieding van die 2010/11-finansiële state in berekening gebring is. Die heraangee van die vorigejaar-foute het die volgende aansuiwerings tot gevolg gehad:

**Items geraak in die Staat van Finansiële Prestasie:**

| | **2010/11** | **Heraangegee** | **Effektiewe verandering** |
|---|---|---|---|
| Afname in uitgawes | 6,836 | 6,455 | (381) |
| Afname in inkomste | 2,793 | 2,775 | 18 |
| | | | |

**Items geraak in die Staat van Finansiële Posisie:**

| | **2010/11** | **Heraangegee** | **Effektiewe verandering** |
|---|---|---|---|
| Afname in betaalbare rekeninge | 445 | 352 | 93 |
| Afname in ontvangbare rekeninge | 834 | 818 | (16) |
| Afname in voorsiening vir twyfelagtige skuld | 608 | 322 | 286 |

## 15. Risikobestuur

**Markrisiko**
Die Entiteit se aktiwiteite stel dit bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: markrisiko (rentekoersrisiko verwant aan billike waarde, rentekoersrisiko verwant aan kontantvloei), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die Entiteit is nie aan markrisiko blootgestel nie omdat daar van hom verwag word om krediteure binne 30 dae te vereffen nadat 'n faktuur bekom is soos deur die tesourieregulasies en die WOFB vereis.

**Likiditeitsrisiko**
Likiditeitsrisiko is die risiko dat die Entiteit nie in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge na te kom wanneer hulle betaalbaar word nie. Ooreenkomstig sy leenvereistes, verseker die Entiteit dat voldoende fondse beskikbaar is om sy voorsiene en onvoorsiene finansiële verpligtinge na te kom. Alle saldo's op uitstaande betaalbare rekeninge is betaalbaar binne 30 dae vanaf die verslagdoeningsdatum.

**Sensitiwiteitsontleding**
Op 31 Maart 2012, as die rentekoerse op veranderlike koers finansiële instrumente 1% hoër/laer was met alle ander veranderlikes wat konstant gehou is, sou die na-belastingoorskot vir die jaar R97 590 hoër/laer gewees het.

**Rentekoersrisiko**

Die Entiteit se risikoprofiel bestaan uit lenings en banksaldo's teen vasgestelde en wisselende koerse wat die Entiteit aan die rentekoersrisiko verwant aan billike waarde en die rentekoersrisiko verwant aan kontantvloei blootstel en kan as volg opgesom word:

**Finansiële bates**

Handels- en ander ontvangbare rekeninge is teen vasgestelde rentekoerse. Die rentekoersrisiko word bestuur deur gunstige koerse op lenings teen wisselende rentekoerse te onderhandel en, waar moontlik, lenings teen vasgestelde rentekoerse te gebruik. Bestuur het ook 'n beleid om 'n ewewig tussen die rente op batelenings en die rente betaalbaar op laste te bewerkstellig.

| **Kontantvloei-rentekoersrisiko** | | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Finansiële Instrument** | **Lopend** | **Betaalbaar 1-30 dae** | **Betaalbaar 31-60 dae** | **Betaalbaar 61-90 dae** | **Betaalbaar 91+ dae** | **Totaal** |
| **2012 Handels- en ander ontvangbare rekeninge – normale kredietbepalings** | **43** | **14** | **9** | **(65)** | **273** | **274** |
| **Voorsiening vir slegte skuld** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| **Netto bedrag** | **43** | **14** | **9** | **(65)** | **273** | **274** |
| **Agterstallig maar nie voor voorsien nie** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| **2011 Handels- en ander ontvangbare rekeninge – normale kredietbepalings** | **68** | **50** | **94** | **4** | **602** | **818** |
| **Voorsiening vir slegte skuld** | **-** | **-** | **-** | **-** | **(322)** | **(322)** |
| **Netto bedrag** | **68** | **50** | **94** | **4** | **280** | **496** |
| **Agterstallig maar nie voor voorsien nie** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |

| **Finansiële Instrument** | **Lopend** | **Betaalbaar in minder as 'n jaar** | **Betaalbaar in een tot twee jaar** | **Betaalbaar in twee tot drie jaar** | **Betaalbaar in drie tot vier jaar** | **Betaalbaar na vier jaar** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kontant in lopende Bankinstansie** | **-** | **5,322** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| **Handels- en ander betaalbare rekeninge – verleng Kredietbepalings** | **-** | **(36)** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| **Netto bedrag** | | **5,286** | **-** | **-** | **-** | **-** |
| **Agterstallig maar nie voor voorsien nie** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** | **-** |

| Syfers in Rand | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|

**Kredietrisiko**
Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty in gebreke sal bly om sy kontraktuele verpligtinge na te kom wat 'n finansiële verlies vir die Entiteit tot gevolg sal hê. Die Entiteit het 'n beleid aanvaar om slegs met kredietwaardige partye sake te doen.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die Entiteit deponeer kontant slegs by vername banke met 'n hoë gehalte van kredietwaardigheid en beperk blootstelling aan enige enkele teenparty.

Geen kredietperke is tydens die verslagjaar oorskry nie, en bestuur voorsien nie enige verliese weens nie-prestasie deur hierdie teenpartye nie.

**Maksimum blootstelling aan kredietrisiko**
Die Entiteit se blootstelling aan kredietrisiko ten opsigte van lenings en ontvangbare rekeninge is beperk tot die bedrae op die balansstaat. **(Verwys aantekening oor handels- en ontvangbare rekeninge.)**

**16. Rekonsiliasie tussen begroting en kontantvloeistaat**
Rekonsiliasie van begrotingsoorskot/tekort met netto kontant wat uit bedrywighede, belegging en finansiële aktiwiteite voortgebring is:

| Beskrywing | Bedryf R'000 | Finansiering R'000 | Belegging R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| | **BEGROTING** | | | |
| Werklike bedrae soos aangebied in die begrotingstaat | - | - | - | **-** |
| Basisverskille | 156 | - | - | **156** |
| Tydberekeningsverskille | (4,593) | - | - | **(4,593)** |
| Werklike bedrag in die kontantvloeistaat | (4,437) | - | - | **(4,437)** |

| **18. Onreëlmatige uitgawes** | **2012 R'000** | 2011 R'000 |
|---|---|---|
| **Rekonsiliasie van onreëlmatige uitgawes** | | |
| **Beginsaldo** | **-** | **-** |
| Onreëlmatige uitgawes – Lopend | **-** | 278 |
| Onreëlmatige uitgawes – Gekondoneer | **-** | 278 |
| Oordrag na ontvangbare rekeninge vir verhaling | | |
| **Onreëlmatige uitgawes wat kondonering afwag** | **-** | **-** |

# 4 Mensehulpbronbestuur

## 4.1 Vergaderings

| VERGADERING / KOMITEE | VOORSITTER | PLEK | TYD | 2011 | | | | | | | | | 2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | April | Mei | Jun | Jul | Aug | Sept | Okt. | Nov | Des. | Jan. | Feb. | Mrt. |
| WKKK Voltallig | Mnr. Taj Akleker | 1ste Verd. | 10:00 | | | 09 | | | 08 | | 24 | | | | |
| Fasiliteite | Mnr. Gcobani Tyatya | 3de Verd. | 10:00 | | 24 | | | 16 | | 27 | | | | | |
| Kultuurrade | Mnr. Hendrik van Wyk | 3de Verd. | 10:00 | | 12 | | 21 | | | 20 | | | | | |
| Befondsing | Mnr. Lungile Jacobs | 3de Verd. | 10:00 | 14 | | | | | | | | | | | |
| Uitvoerende komitee | Mnr. Taj Akleker | 3de Verd. | 10:00 | | | | | | | | | | | | |
| Kultuurrade - konferensie | Mnr. Hendrik van Wyk | Okkie Jooste | 18:00 / 08:00 | | | | | | | | | | | | |
| WKKK strategiese plan | Mnr. Taj Akleker | Bien Donne | 09:00 | | | | | 16 | | | | | | | |

## 4.2 Verrigting van werk

Kragtens artikel 13 van die Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (Wet 14 van 1998) is personeel van die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik vir die administratiewe werk van die Kultuurkommissie. Die Kommissie het 'n sekretariaat wat in die kultuurkomponent gesetel is. Notules wat by subkomitee- en voltallige vergaderings gehou word, word kwartaalliks na die Minister aangestuur. Kwartaallikse prestasieverslae sowel as die jaarverslag word deur die sekretariaat in oorleg met bestuur opgestel. Die sekretariaat skakel met kultuurrade en lewer ook administratiewe ondersteuning aan die lede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie.

Elke subkomitee vergader vóór die voltallige vergadering en aanbevelings word na die Minister aangestuur ná goedkeuring in voltallige sessies.

# 5 Ander inligting

## 5.1 Akronieme

Geen.

## 5.2 Lys van kontakbesonderhede

Die volgende persone kan gekontak word vir enige navraag rakende die inligting wat in hierdie dokument verskaf is:

Rekenpligtige gesag: Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Me. Jane Moleleki
Tel: 021 483 9671/2
e-pos: Jane.Moleleki@westerncape.gov.za

Adjunk-direkteur: Kuns-en-kultuurkomponent
Me. Nerine Jeaven
Tel: 021 483 9713
e-pos: Nerine.Jeaven@westerncape.gov.za

Assistent-direkteur: Kuns-en-kultuurkomponent

Mnr. Geoffrey Mamputa
Tel: 021 483 9710

e-pos: Geoffrey.Mamputa@westerncape.gov.za

Sekretariaat: Wes-Kaapse Kultuurkommissie

Mnr. Clement Williams
Tel: 021 483 9717
Faks 021 483 9711
e-pos: Clement.Williams@westerncape.gov.za

## 5.3 Addisionele inligting

**KULTUURFASILITEITE SE KONTAKBESONDERHEDE EN BESPREKINGSINLIGTING**

Die WKKK se kultuurfasiliteite is ideale plekke om skool- en ander kultuurprogramme aan te bied. Maak van hierdie geleentheid gebruik om een van die sewe fasiliteite vir u werksessie te bespreek deur ons te kontak:

**Kontakpersoon vir besprekings:**

**Me. Ntomboxolo (Ntombie) Yokwana**

**Tel:** 021 483 9727

**Faks:** 021 483 9711

**e-pos:** Ntomboxolo.Yokwana@westerncape.gov.za

**Algemene inligting vir elke fasiliteit:**

| Kultuurfasiliteit | Kontaknommer | Bestuurder |
|---|---|---|
| Bien Donné Paarl | Tel: 021 874 2101 | Me. Tania le Roux |
| Groot-Drakenstein | Tel: 021 874 140 | Me. Esmeralda Gilfellin |
| Koekenaap, Vredendal | Tel: 027 217 1349 | Me. Mandy Magerman |
| MelkbosKultuursentrum<br>en Melkbos Oppiesee | Tel: 021 553 2581 | Mnr. Andrew Julies |
| Okkie Jooste | Tel: 021 866 1510 | Mnr. Justin Jumat |
| Schoemanspoort | Tel: 044 279 2670 | Mnr. Sias Gelant |